

### HOOFSTUK 3.

#### DRIE GRONDMETODES IN DIE ONDERWYS.

##### 3.1. Inleiding.

Teneinde die plek en rol van geprogrammeerde onderrig in 'n Calvinistiese onderwyssisteem te kan vasstel, moet eers die beoordelingsnorme bepaal word. Geprogrammeerde onderrig is 'n metode om kennis oor te dra. Die vraag na die norme is dus op die terrein van die onderwysmetode geleë; dit wil sê op die weg waarlangs die kind na die opvoedingsdoel gelei word. Sekere beskouings oor die kind en die opvoedingsdoeleindes moet dus eers gestel word.<sup>1)</sup> Daarna sal drie grondmetodes wat by daardie beskouings aansluit, bepaal word.

Vooraf moet ook nog die verskil tussen mens en dier nagegaan word. Dit is nodig met betrekking tot die beoordeling van die lineêre program waar, soos reeds vroeër in die ondersoek aangetoon, die leerproses by mens en dier baie nou met mekaar in verband gebring word.<sup>2)</sup>

Met die oog op 'n geheelbeeld van die Calvinistiese opvoedingsmetode en mensbeskouing in die raam van die Calvinistiese lewens- en wêreldbeskouing, sal eers 'n beknopte oorsig oor die geskiedenis en grondbeginsels van die Calvinisme en die Calvinistiese Opvoedkunde gegee word.

---

1. Vgl. 1.7. bl. 33.

2. 2.4.1. bl. 49.

### 3.2. Geskiedenis van die Calvinistiese Opvoedkunde.

Die Calvinistiese lewens- en wêreldbeskouing het sy ontstaan aan die werk van Johannes Calvyn, gebore in Noyon, Frankryk, op 10 Julie 1509, te danke.

Die Roomse inkwisisie was vir Calvyn die aanleiding om self die Bybel te gaan lees. Dit was die begin van sy hervormingstryd teen die bande van die Rooms-Katolieke Kerk.<sup>3)</sup> Sy belangrikste geskrif oor die belydenis van die Hervorming is die welbekende Institusie,<sup>4)</sup> waarvan later vertalings in verskeie tale, onder andere Afrikaans,<sup>5)</sup> verskyn het.

Die verdere geskiedenis loop oor verskeie leiersfigure. Met betrekking tot die Dietse lande is dit veral die dogmatici A. Kuyper, H. Bavinck, V. Hepp en in die jongste tyd K. Dijk wat die Calvinisme bevorder het. Ook in ander lande het die Calvinisme ingang gevind, so selfs dat Kuyper van mening is dat die Calvinistiese lewensfilosofie as 'n belangrike fase in die ontwikkelingsgang van die hele menslike geslag beskou moet word.<sup>6)</sup>

Wat die Opvoedkunde in besonder betref, het Calvyn en Cordier reeds in 1538 'n stelsel vir die laer onderwys uitgewerk.<sup>7)</sup> Later het veral manne soos I. da Costa, G. Groen van Prinsterer, A. Kuyper en A.F. de Savornin Lohman die beginsels van die vrye Christelike skool

---

3. Van Wyk, J.H. Johannes Calvyn, Die Kandelaar, VII, 6, Aug. 1964.

4. Kuyper, A. In inleiding van Institusie, Corsman-Kuyper-uitgawe, 11 - 12.

5. A. Duvenage-uitgawes, 1951 en 1967.

6. Kuyper, Het Calvinisme, 1 - 34.

7. Coetzee, Opvoedkunde en Calvinisme, 15 - 16.

uitgewerk.<sup>8)</sup>

Die eerste sistematiese verhandeling oor die Calvinistiese opvoeding is deur H. Bavinck geskrywe.<sup>9)</sup> Die doelstelling van die opvoeding, soos daarin uiteengesit, is later deur Coetzee oorgeneem in die bekende woorde van 2 Timótheüs 3:17. Die balans tussen godsdiensonderrig en onderrig in sekulêre vakke word, net soos by Calvyn, ook deur Bavinck beklemtoon.<sup>10)</sup> Leerstoele vir 'n volwaardige wetenskap van Calvinistiese Opvoedkunde is vir die eerste keer in 1925 en 1926 aan die Potchefstroomse Universiteit vir Christelike Hoër Onderwys en die Vrije Universiteit (te Amsterdam, Nederland) ingestel.<sup>11)</sup> Die betrokke professore was J. Chr. Coetzee en J. Waterink respektiewelik.

Ten slotte moet in hierdie verband opgemerk word dat omstreeks 1920 ook die Calvinistiese Wysbegeerte sy beslag gekry het in die Wijsbegeerte der Wetsidee deur H. Dooyeweerd en D.H. Th. Vollenhoven, asook in die van die Skeppingsidee deur H.G. Stoker. Dat hierdie stelsels vir Waterink en Coetzee tot steun was in die ontwikkeling van hul opvoedkundige stelsels, ly geen twyfel nie.<sup>12)</sup>

### 3.3. Grondslag en beginsel van die Calvinisme.

Die grondslag van die Calvinisme is die Woord van God, in sy geheel en in al sy dele. Hierdie Woord, dit is die Bybel, is die enigste en onfeilbare Woordopenbaring van God. Verder word God ook in die skepping

---

8. Janssen en Visser, Van Plato tot Decroly, 220 - 226.

9. Bavinck, Paedagogische beginselen.

10. Id., 50.

11. Coetzee, op. cit., 20, 25.

12. Id., 30 - 40.

geken. Die skepping, as 'n boek van skoonheid, openbaar die majesteit van God, op voorwaarde dat die mens hierdie skepping beskou en bewonder in die lig van God se Woord as die primêre kenbron.<sup>13)</sup>

Die eerste beginsel op hierdie grondslag is God se selfgenoegsaamheid en soewereiniteit. Hierdie beginsel, die sogenoemde teosentriese<sup>14)</sup> - of materiële<sup>15)</sup> - of grondbeginsel<sup>16)</sup> is die fondament waarop die verdere sisteem rus.

Ander beginsels, die met betrekking tot spesifieke samelewingsverbande en so meer, vloei uit die grondbeginsel voort.

Met die selfgenoegsaamheid van God word bedoel dat God niemand en niks vir sy bestaan nodig het nie. God is absoluut onafhanklik. Niemand vermag ook maar iets teen Hom en kan niks tot sy glorie bydra nie.

Nogtans moet die mens tot sy eer leef en werk. Dit is die beginsel van God se soewereiniteit. God het hemel en aarde uit niks voortgebring en hou dit van oomblik tot oomblik in stand. Hy beskik vrymagtig oor alles, ook oor die mens. Daarom moet die mens Hom dien en eer, ondanks sy selfgenoegsaamheid. God is die middelpunt van alles; tot Hom is die menslike doen en late gerig: "God zet de gehele wereld in beweging, en Zijn wonder, dat in de incarnatie zijn hoogtepunt bereikt, toont, dat Hij alle macht heeft in en over heel deze wereld en die macht bewijst in een realiteit, welke anders is dan wij ons

---

13. Nederlandse geloofsbelydenis, artikel 1 - 7.

14. Stoker, Beginsels en metodes in die wetenskap, 126.

15. Taljaard, Kursus in lewens- en wêreldbeskouingsleer ..., 32.

16. Meeter, Basic ideas of Calvinism, 39.

gewoonlijk voorstellen, en ver uitgaat boven de maten, waarmee wij de creaturen meten."<sup>17)</sup>

Die grondbeginsel van die selfgenoegsaamheid en die soewereiniteit is nie 'n eng godsdienstige aspek van die lewe nie, maar die sentrale lewensbeginsel. Oor die gewone daaglikse lewe het Calvyn dan ook heelwat te sê gehad. Hierin, so som Snyman dit op, staan altyd drie gedagtes voorop, te wete die van natuurlikheid, menslikheid en orde.<sup>18)</sup> Elke mens moet binne sy grense van aanleg en vermoëns lewe, nie die perke van gerief en gemak in weeldesug oorskry nie, maar alle aangename dinge in dankbaarheid aanvaar en tot eer van God geniet.

Die lewe verloop op sy beste as die mens hom aan die ordelikheid en natuurlikheid hou wat God met en in die skepping gegee het.<sup>19)</sup> So is die Christelike geloof met die lewe in al sy aspekte verweef. Daarin rus die Christelik - Nasionale gedagte. Die Christelike staan voorop en bepaal die aard van die Nasionale.<sup>20)</sup>

### 3.4. Mens en dier.

#### 3.4.1. Die skeppingsverhaal.

In die skeppingsverhaal van die Bybel word 'n radikale onderskeid tussen mens en dier getref. Die onder-

17. Dijk, Korte Dogmatiek, 91.

18. Snyman, W.J. Calvyn oor die lewe. Kerkblad, jg. 67, no. 1750, 27 Mei 1964, 13 - 15.

19. Vgl. (i) Anon. Uit Calvyn se pen. Woord en Daad, IX, 48, Junie 1966, 1,9,11.

(ii) De Klerk, W.J. Oorvloed by Christus.

Kerkblad, jg. 68, no. 1839, 9 Mrt. 1966, 8.

20. Snyman, W.J. op. cit., 15.

skeid bestaan uit twee verskille.

Die eerste verskil is die saak van stof en gees. "In die begin het God die hemel en die aarde geskape".<sup>21)</sup> Met hemel en aarde word respektiewelik die geestelike en die stoflike wêreld bedoel. Volgens Genesis 1 en 2 het die mens deel aan albei. God formeer, dit wil sê skep, die mens uit die stof van die aarde. Die mens is dus stoflik. Maar God blaas by die mens ook die asem van die lewe in sy neus. Sodoende is die mens ook 'n geestelike wese. By die diere het God nie die asem van die lewe ingeblaas nie. Die diere, net soos die plante, het God deur die aarde laat voortbring. Dier en plant deel slegs in die stoflike en nie ook in die geestelike nie.<sup>22)</sup>

Die tweede verskil is geleë in die beeldskap van God. God het die mens na sy beeld geskape, maar nie die dier nie.<sup>23)</sup>

### 3.4.2. Die Dogmatiek.

Op grond van die skeppingsverhaal en ander plekke in die Skrif<sup>24)</sup> bestaan daar sekere dogmas wat van wesenlike belang in die probleem van die verskil tussen mens en dier is.

Die mens is uit die bestanddele van die aarde geformeer. Maar God het die asem van die lewe in sy neusgate geblaas. Deur hierdie twee werkinge word die mens 'n lewende wese. Die mens is stof en gees, gewoonlik uitgedruk met die

21. Gen. 1:1.

22. Kroeze, J.H. Handboek vir die kennis van die Bybelse Geskiedenis, deel I, 30, 39, 40.

23. Id., 35.

24. Dijk, op. cit., 161 - 165.

woorde: die mens is liggaam en siel.<sup>25)</sup>

Die tweeheid van liggaam en siel vind sy eenheid in die beeldskap van God, aangesien die beeldskap nie iets bonatuurliks is wat net met die menslike siel te make het nie, maar betrekking het op die hele menslike totaliteit.<sup>26)</sup> Die mens lyk op God, is kind van God in sy volle hoedanigheid as 'n pneumaties-somatiese wese: "Niet alleen in zijn zieleleven en in zijn geestelijke en zedelijke eigenschappen, maar naar lichaam en ziel."<sup>27)</sup> Dijk gebruik hier dus die uitdrukkinge siel, gees, liggaam, soma en pneuma. Soma staan vir liggaam, pneuma vir gees en siel. Hierdie laaste twee word dikwels deurmekaar gebruik. Die verwantskap tussen die twee is inderdaad baie nou. Nogtans is daar 'n onderskeid.

Coetzee is in die verband baie duidelik. Hy sê dat plante geen bewussyn (siel, psige) het nie, maar diere en mense wel, terwyl mense boonop 'n selfbewussyn ( ek, gees, pneuma) het. Die dier is dus 'n somaties-psigiese wese, besit 'n liggaam en 'n siel en kan gevolglik ook op sy manier waarneem, handel, voel en herinner. Die mens is 'n somaties-psigies-pneumatiese wese, besit 'n liggaam, 'n siel en nog 'n gees ook waardeur hy sy bewussynswerkinge op homself kan betrek. Die dier ken geen verskil tussen homself en die buitewêreld nie, maar die mens wel.

Dit is die kern van die verskil tussen die ken-, gevoels- en strewingslewe by mens en dier. Hierdie drie

25. Kroeze, J.H. op. cit., 40.

26. Dijk, op. cit., 161 - 162.

27. Id., 162.

lewensuitinge is die bewussyns- of psigiese funksies.

Hulle vorm die inhoud van die menslike siel ooreenkomstig die drie ampte waartoe die mens in die Skrif geroepe is, naamlik die ampte van profeet, priester en koning respektiewelik.<sup>28)</sup>

Nou kan dit nooit genoeg beklemtoon word nie dat, ondanks al die bogenoemde onderskeidings, daar 'n onskeibare eenheid in sowel mens- as dier-wees bestaan. Die verskil tussen mens en dier bestaan dus nie net daarin dat die mens 'n pneuma het en die dier nie, maar veral dat hierdie pneuma die mens essensiël van die dier laat verskil.

Die betekenis van die woord siel in dogmaties-Skriftuurlike sin moet dan ook deurgaans in die betekenis van pneuma opgevat word. Kuyper onderskei in die verband tussen bewussyn (vir psige, siel) enersyds en siel (vir pneuma, gees, ek) andersyds. Hy sê dat liggaam en siel 'n eenheid vorm. Hierdie eenheid is besonder heg ondanks die feit dat die liggaam by die dood van die siel geskei word. By hierdie skeiding gaan die liggaam en die gewone aardse bewussyn (psige) ten onder. Met die opstanding kom die psige terug in 'n verheiligde vorm van volkome kennis.

Nogtans, so vervolg Kuyper, is elke vorm van bewussyn na die dood nie uitgesluit nie. Hoe hierdie nadoodse bewussyn funksioneer, is onbekend, maar dit bestaan en wel op grond van die Skrif. Meer nog, hierdie bewussyn is gekoppel aan dieselfde persoon wat, toe hy geleef het, die gewone psige en pneuma besit het: "Ook na uw dood zigt

---

28. Coetzee, Inleiding ... Empiriese Opvoedkunde, 71.



en blyft gij het, die dit bewustzijn hebt en in dit bewustzijn u van uzelven bewust wordt."<sup>29)</sup> Daarom lê die wortel van die menslike bewussyn (siel) in sy siel (pneuma); dit is sy persoon, sy ek, sy geestelike wese vanweë sy beeldskap van God.<sup>30)</sup>

Met betrekking tot die mens as 'n soma-psige-pneuma-eenheid moet ook die werk van Nel genoem word wat die mens bestempel as 'n somaties-psigies-geestelike persoonswese, skematies deur drie konsentriese silinders voorgestel. Die binneste silinder stel die geestelike EK voor, wat die innerlikste stukrag en stuurkrag van die mens is. Deur die middelste en buitenste silinders word die psigiese en somatiese dimensies aangedui.<sup>31)</sup>

Hattingh beskou die menslike persoonlikheid as 'n deel van die kosmos en daarom, net soos die kosmos, as opgebou uit 'n fisiko-chemiese, 'n bioties-fisiologiese, 'n bioties-psigiese en 'n geestelik-psigiese laag. Hierdie lae vorm deur middel van die heerskappy van die EK die mens tot 'n persoonseenheid.<sup>32)</sup>

Die menslike siel is dus pneumaties bepaal, op God gerig en verskil daarom nie net kwantitatief nie, maar veral kwalitatief van die siel van die dier. Hierdie pneumatiese

29. Kuyper, Het werk van den Heiligen Geest, 778 (onderstrepings is kursiewe druk in die teks).

30. Id., 779.

31. Nel, B.F. Die antropologies-pedagogies-didaktiese onderbou van die problematiek van die vormende waarde van leervakke. Onderwysblad, LXIX, 755, 150 - 151, Sept. 1962.

32. Hattingh, J.M. Die vraagstuk van .. visuele bewegingsillusie ..., 50 - 52, 81.

aard van die menslike siel word ook goed geïllustreer in Dijk se besware teen die onderskeiding tussen die beeld van God in ruimer en enger sin. Die beeld van God in enger sin, dit is kennis, geregtigheid en heiligheid, gaan na die sondeval verlore, terwyl die beeld van God in ruimer sin, dit is verstand en wil behoue bly.<sup>33)</sup> Dijk erken wel dat kennis, geregtigheid en heiligheid verlore gaan met die sonde, maar meen dat deur die onderskeiding die stoflike lewe te veel onderskat word, aangesien die beeldskap van God 'n omvattende begrip is: "... alles wat de mens ontvang en heeft om in de volle zin des woords kind van de hemelse Vader te zijn: zowel de kracht van zijn lichaam als de sterkte van zijn denken en willen; zowel de schoonheid van zijn gestalte als de gratie van zijn innerlijk leven; zowel zijn genialiteit en virtuositeit als de gaven van de zuivere kennis van God en de wereld; zowel zijn geregtigheid en heiligheid als zijn vrede en geluk, - en (en dit is Gods wondere genade) wanneer dit laatste licht door onze zonde gedooft wordt, blijft van het eerst-genoemde schijnsel nog menige vlam branden, en is de heerlijkheid van het beeld Gods niet geheel verloren gegaan; in de krachtsopenbaring, in de kunstenaarsweelde, in de scherpte van zijn denken, in zijn visie tot in de diepten van de schepping straalt deze heerlijkheid, en zij zal als de glorie van de volken binnengebracht worden in het nieuwe Jeruzalem, dat van de hemel neerdaalt (Openbaring 21: 24, 26)."<sup>34)</sup>

---

33. Delleman en Gerritsma, Gereformeerd Catechisatieboek, 33.

34. Dijk, op. cit., 164.

Dijk se uiteensetting laat geen twyfel nie omtrent die mens as 'n eenheid, as 'n op God gerigte, pneumaties bepaalde eenheid, waarby die somatiese ook nou betrokke is. Hierdie laaste aspek, die somatiese, beklemtoon hy weer as hy sê dat elke geboorte 'n wonderwerk van God is. God plaas nie 'n siel in 'n deur 'n ouerpaar verwekte liggaam nie; God skep die totale nuwe lewe, geestelik en stoflik by elke nuwe mens wat gebore word.<sup>35)</sup>

Die asem van God, die pneuma, maak die mens tot wat hy wesenlik is. Dit deurtrek sy ganse wese, sy psige en sy liggaam; dit maak hom God-gerig. By die dier ontbreek die pneuma. Hy is wel 'n eenheid en selfs 'n eenheid wat, op die oog af, aan die mens laat dink. Dit is geen wonder dat by diegene, wat God en Sy gebod nie ken nie, die ewolusiegedagte ingang vind nie. Maar, die verskille is groter en radikaler as die ooreenkomste. Die dier is onpneumaties; hy is nie na God se beeld geskape nie. Hy is wel deel van die skepping en verheerlik as objek ook God.

God word in die hele skepping verheerlik, in die mens en ook in die dier. Vir die dier is daar egter geen arbeid om te verrig nie. Hy bly objek in die verheerliking van God. Die mens is meer en anders. Hy is subjek; hy neem deel in die wêreldplan van God. In hierdie aksie tree die mens as 'n eenheid op, is hy aktief as 'n totaliteit, as een hele persoon, as een hele somaties-psigies-pneumatiese wese.

---

35. Id., 167 - 168.

### 3.4.3. Die Wysbegeerte.

In die Wysbegeerte van die Skeppingsidee tref Stoker van die begin af onderskeid tussen die vier ryke: stof, plant, dier en mens. In die analise van die vier ryke volgens die vier kosmiese dimensies van modaliteit, strukture, gebeurtenisse en waardes toon hy aan dat dier en mens radikaal van mekaar verskil, dat die een nie tot die ander herleibaar is nie en in terme van die ander verstaanbaar is nie. Hierdie onderskeid word nog duideliker as mens en dier as aparte konkrete eenhede beskou word. Elkeen is meer as die somtotaal van sy kosmiese dimensies. Hierby staan die mens voor ondeurgrondelike misteries, waaruit sy begrensdeheid van menslike kennis blyk.<sup>36)</sup>

Net so is, volgens die Wysbegeerte van die Wetsidee, mens en dier onderworpe aan die deur God gestelde wette. In die wetskringe kom die verskil tussen mens en dier reeds uit, maar dit word duideliker by die wysgerige uiteensetting van die tyd. Die mens deursny die tyd. Die dier bly, saam met die res van die skepping, toegevoeg in die tyd. Die mens is bo-tydelik. Die diepste sentrum by die mens is sy religieuse hart. Die dier is slegs 'n psigiese wese; sy bestemming word bepaal deur sy hoogste wetsfunksie. Die mens styg uit bo sy hoogste wetsfunksie. Die mens het 'n akt-lewe; die dier nie. Die akt-lewe bestempel die menslike onder-psigiese funksies tot iets wat wesenlik anders is as dieselfde onder-psigiese funksies by die dier. Die dier is tydelik en psigies; die mens is ewig, bo-psigies en

---

36. Stoker, op. cit., 159 - 189.

religieus. Die dier is materie; die mens is gees-materie.<sup>37)</sup>

### 3.5. Die kind en die verbondsbelofte.

God het 'n plan met die wêreld gehad. Daarin moes die mens die tuin van Eden bewaar en die ingeskape sedewet<sup>38)</sup> onderhou. Die mens moes iets doen, kon dit doen en het dit 'n tyd lank gedoen. Daartoe het God die mens op die regte pad geplaas. Op hierdie pad moes die mens bly; hy moes gehoorsaam, maar kon ook die gehoorsaamheid verloor en het dit inderdaad verloor: Adam doen sonde. Sy oortreding word aan al sy nakomelinge toegereken.<sup>39)</sup>

Uit die verderf van die sonde word die mens ook weer gered. Egter nie almal nie, slegs " ... diegene wat Hy in sy ewige en onveranderlike raad uit louter goedertierenheid uitverkies het in Jesus Christus, onse Here, sonder om enigsins hulle werke in aanmerking te neem."<sup>40)</sup>

Die ander bly in hulle verderf waarin hulle hulself gewerp het.<sup>41)</sup> Bostaande is die leer van die uitverkiesing. Hiermee staan die genadeverbond in 'n noue verband. God red die mens deur Christus, uit genade. Daarby gaan Hy nie willekeurig te werk nie, maar in die lyn van die geslagte. "En Ek sal my verbond oprig tussen My en jou en jou nageslag ná jou in hulle geslagte, tot 'n ewige verbond,..."<sup>42)</sup> Hierdie sogenoemde genadeverbond is die bedding waarin

37. Spier, Inleiding in de Wysbegeerte der Wetsidee, hele boek.

38. Delleman en Gerritsma, op. cit., 36.

39. Rom. 5: 12.

40. Nederlandse geloofsbelydenis, art. 16.

41. Loc. cit.

42. Gen. 17: 7.

die stroom van die uitverkiesing voortbeweeg.<sup>43)</sup> Nogtans word nie alle kinders van gelowige ouers salig nie. Hierdie skynbare teenstrydigheid gaan die menslike verstand te bowe en moet in geloof aanvaar word. Die verbond van die genade werk nie outomaties nie. Dit sluit nie die menslike verantwoordelikheid uit nie. Die genadeverbond het twee kante: enersyds God se vrymagtige verkiesing en andersyds die roeping tot geloof en bekering.<sup>44)</sup> Hierdie roeping wys die kinders van die gelowiges op hul voorreg om verbondskinders te wees. God doen die verbondsbelofte aan die gelowiges en hul kinders. Tegelykertyd egter moet elke kind die voorreg self aanvaar.

In die Skrif is altyd twee ewewydige lyne: God se uitverkiesing en die mens se verantwoordelikheid. Die ouers mag die troosvolle gedagte koester dat hul kinders uitverkorenes is, maar dit ontnem hulle nie die verantwoordelikheid om die kinders op te voed nie. Net so hoef die kinders ook nooit aan die verbond van God en die verbondsbeloftes te twyfel nie<sup>45)</sup>, maar dit onthef hul nie van die plig tot bekering en die stryd teen die sonde nie.

### 3.6. Die ouer en die doopsbelofte.

#### 3.6.1. Gedoopte kinders.

Daar is vervolgens 'n noue band tussen genadeverbond en doop. Die doop vereis die geloof.<sup>46)</sup> Die volwassene se geloof word op sy mondelinge woord, dit wil sê op sy

---

43. Kuyper, Het werk van den Heiligen Geest, 386 - 391.

44. Dijk, op. cit., 203.

45. Ps. 105: 5.

46. Markus 16: 16

belydenis gegrond. Die kinders se geloof word gegrond op die genadeverbond. Hulle word in die genadeverbond gebore en nie daarby ingelyf nie, soos verkeerdelik deur Oberholzer beweer word.<sup>47)</sup>

Die doop is 'n genademiddel. Die sakrament van die doop is die aanskoulike middel om die beloftes van die afwassing van die sondes (regverdigmaking) en die vernuwning van die lewe (heiligmaking) beter te verstaan. Dit is 'n bekragtiging vir die gelowige, dat, so seker as die water die onreinheid afwas, so seker ook die sondes afgewas word in die bloed van Christus en die gelowige met God Drie-enig weer versoen word.<sup>48)</sup> Daarom word hy ook in die Naam van God Drie-enig ingedompel. Hy word nie net namens, dit wil sê op las van God gedoop nie, maar veral en voor alles binne in die Naam ingedompel (Grieks: eis to onoma).<sup>49)</sup> So is die doop dan teken en seël daarvan dat die kind in die gemeenskap met God ingelyf is.

Nogtans blyk sommige gedooptes later ongelowiges te wees. Oor hierdie saak het daar dikwels stryd in die Kerk ontstaan.<sup>50)</sup> Hoe bekering, geloof, wedergeboorte en uitverkiesing presies saamhang met die doop en veral die kinderdoop, val moeilik om te sê. Hier spreek die geloof die taal van die aanvaarding en swyg die taal van begrip. Dijk wys daarop dat die Heilige Gees iets doen by die doop. Die doop maak die kind nie salig nie; dit wederbaar hom ook nie. Tog bly die effek van die doop nie uit

47. Oberholzer, Inleiding in die Prinsipiële Opvoedkunde, 283.

48. Doopsformulier.

49. Dijk, op. cit. 250.

50. Smilde, Een eeuw van strijd over verbond en doop.

nie, maar die temporele bepaling van die effek moet in geloof aan God, die Heilige Gees, oorgelaat word.<sup>51)</sup> Wel is dit seker dat gedoopte kinders as lede van die gemeente van Christus beskou moet word, dat sowel die kind self as sy ouers nooit aan God se verbondsbeloftes van genade en versoening hoef te twyfel nie en dat die doop 'n pleitgrond is, ook vir die volwassene, in die gebed om vergewing van en stryd teen die sonde.<sup>52)</sup>

### 3.6.2. Die doopsbelofte.

Die ouers moet met hul kinders volgens die verbondsbelofte handel. Daartoe moet die vader, by die doop van die kind, op die derde vraag van die doopsformulier die belofte aflê om die kind in die leer van die Skrif wat in die geloofsartikels vervat is en in die formulier uiteengesit is, te onderrig of te laat onderrig. Hierdie belofte is die doopsbelofte. Daar is dus twee beloftes, die verbondsbelofte deur God en die doopsbelofte deur die ouers.

Die doopsbelofte is die aktiewe kant van die genadeverbond. Dit plaas 'n verantwoordelikheid op die ouers. " ... daarom word ons ook weer verplig tot 'n nuwe gehoorsaamheid, naamlik dat ons hierdie enige God, Vader, Seun en Heilige Gees moet aanhang, vertrou en liefhê met ons hele hart, met ons hele siel, met ons hele gemoed en met al ons kragte, dat ons die wêreld moet versaak, ons oue mens moet kruisig en in 'n godsalige lewe moet wandel."<sup>53)</sup> Die doopsformulier bevat dus 'n opdrag : onderrig in Gods

---

51. Dijk, op. cit., 252.

52. Nederlandse geloofsbelydenis, art. 34.

53. Doopsformulier.



beloftes, maar ook onderrig tot 'n godsalige lewe met al ons liggaams- en geesteskrigte op alle lewensterreine.

Met die doopsbelofte is die terrein van die opvoeding betree; nie net die kerklike opvoeding nie, maar ook die huislike en die skoolopvoeding. Trouens, die opvoeding is een geheel. Die gees en rigting van die opvoeding word deur die doopsformulier aangewys en deur die ouer in die doopsbelofte aanvaar.

### 3.6.3. Die doel van die opvoeding.

Die Christelik-opvoedkundige moet dus terdeë rekening hou met die doopsbelofte in die bepaling van die opvoedingsdoeleindes. Waterink leun dan ook sterk op die verbondsgedagte. Die opdrag van gehoorsaamheid aan God met al ons kragte, loop soos 'n silwerdraad deur al sy geskrifte.<sup>54)</sup> Ook Waterink se doelstelling van die opvoeding as die "... vorming van de mens tot zelfstandige, God naar Zijn Woord dienende persoonlikheid, geschikt en bereid al de gaven, die hij van God ontving, te besteden tot Gods eer en tot heil van het schepsel, in alle levensverbanden, waarin God hem plaatst."<sup>55)</sup> laat sterk aan die gees van die doopsformulier terugdink.

Die doelstelling van die opvoeding, volgens Bavinck en Coetzee, is die vorming van die kind tot mens van God vir elke goeie werk volkome toegerus. Hierdie doelstelling grond hulle op die Skrif.<sup>56)</sup> Waterink wil dit graag eens wees met die doelstelling, maar het besware op wetenskaplik-

---

54. Bv. Waterink, *Theorie der opvoeding*, 64-70, 82-86, 93.

55. *Id.*, 121.

56. 2 Tim. 3:17.

eksegetiese gronde.<sup>57)</sup> Nogtans adem albei doelstellinge dieselfde gees, naamlik die vrese van die Here en 'n godsalige lewenswandel.

Verder is dit opmerklik dat die genoemde doeldefinisies 'n sterk sedelike karakter dra. Die goeie lewe is 'n lewe van goeie handel en wandel: 'n vrese van die Here. Veral by Coetzee word dit sterk uitgedruk in die woorde: doen die goeie, ontwyk die kwaad, vrees die Here, soek die waarheid en jaag die vrede na. Sowel Waterink as Coetzee slaan die sedelike opvoeding baie hoog aan. Coetzee, alhoewel hy dit nie direk so stel nie, laat tog blyk dat van al die verskillende doelstellingsgroepe<sup>58)</sup> die etiese doel die reglynigste op die uiteindelijke religieuse doel afstuur. Hy skryf: "Die sedelike vorming, ook genoem die karaktervorming van die mens, is een van die hoogste doeleindes van alle ware opvoeding. Die mens wat waarlik vir sy lewenstaak toegerus is, besit minstens die ware sedelikeheid."<sup>59)</sup> Ander plekke in die werke van Coetzee wys in dieselfde rigting.<sup>60)</sup>

Ook by Waterink<sup>61)</sup> en Pretorius<sup>62)</sup>, wat 'n noukeurige studie van die wese en doel van die opvoeding gemaak het, is daar 'n duidelike en direkte verband tussen karakterontwikkeling en die opvoedingsdoel.

Die doopsformulier vat die sedelike lewe saam in die term "nuwe gehoorsaamheid". Die gelowige se ongehoorsaam-

57. Waterink, op. cit., 117-120.

58. Coetzee, Inleiding ... Teoretiese Opvoedkunde, 269.

59. Id., 277.

60. Bv. Id., 324.

61. Waterink, op. cit., 596.

62. Pretorius, Die taak van die skool t.o.v. opvoeding en onderwys ..., 18 - 21.

heid in Adam moet omgebuig word na die vrywillige gehoorsaamheid in Christus. Die gebed in die formulier lui dan ook: " ... om met Hom deur die doop in die dood begrawe te word en met Hom op te staan in 'n nuwe lewe; ..." Die weg na die gehoorsaamheid is die opvoeding. Die opvoeding is 'n middel van God om sy genadewerk te volbring.<sup>63)</sup>

Dit beteken egter nie dat die nuwe lewe afhanklik is van die opvoeding nie. Die mens moet wedergebore word. Daarin is opvoeder en opvoedeling passief. Dit is God se werk. Die wedergeboorte het 'n nuwe handel en wandel tot gevolg. Dit vervang die norm van die gewete en buig die karakter om na daardie norm. Die gelowige wil in vryheid, dit wil sê sonder die bande van die sonde, die goeie doen en die kwade laat. Daarheen moet die opvoeder die kinders lei. Daartoe is die opvoeding die Godgegewe middel, wat God in sy vrymagtige welbehag wil seën.

### 3.7. Die tug.

Die sentrale vraag in hierdie hoofstuk is hoe die opvoeder in die praktyk te werk moet gaan. Dit is aangetoon dat God die opvoeder wil gebruik in die ombuiging van die kind na die nuwe gehoorsaamheid. Wat moet die opvoeder dan nou doen? Waaraan moet die kind dan nou gehoorsaam wees in die gewone lewe van elke dag? Of is hierdie opvoeding iets wat los van en bo die gewone lewe staan? Die antwoord op hierdie vrae kan saamgevat word in die een woord: tug.

Ten einde hierdie antwoord nader toe te lig moet die Calvinistiese tugbeskouing kortliks gestel word.

---

63. Waterink, op. cit., 579.

### 3.7.1. Die tugbeskouing van J. Waterink.<sup>64)</sup>

Waterink huldig 'n besonder wye opvatting oor die tug. Hy beskou dit as die trefpunt tussen opvoeder, opvoedeling en doelstelling. Elke middel om die kind op die regte pad te hou is 'n tugmiddel. Die tug is die rigting in die opvoeding; dit is die bestanddeel in die opvoeding wat die leerling trek en lei na die opvoedingsdoel. Die ander bestanddeel is die onderwys, waarmee die tug nou verstrengel is, so selfs dat die Bybel daarvoor net een woord het, naamlik paideia.

Onderwys is voedsel, tug is medisyne; maar dan so dat die onderwys altyd medisinerende voedsel is. Voedsel en medisyne moet in die regte verhouding gemeng wees en indien moontlik, op so'n wyse dat dit soet smaak. Dit is egter nie altyd moontlik nie. Soms word tug van sodanige aard dat dit straf genoem word. Straf is vergelding en volg op oortreding van die gebod. Die gereg moet die misdadiger straf, nie opvoed nie. By kinders dra straf, behalwe die vergeldingselement ook altyd die aspek van opvoeding. Die kind is altyd in die opvoedingsituasie en gevolglik word die vergeldingselement in die opvoeding opgeneem.

Die kind is verbondskind. Die kind moet op die liefde van Christus jeens hom gewys word. Tegelykertyd moet hy ook tot die liefde vir God gebring word. Dit is die tweehed deur die hele lewe: enersyds "al my sondes is my vergewe" en andersyds "vergeef ons ons skulde." Die tug draai om die gedagte van bekering, van daaglikse omkering na die

gehoorsaamheid aan God. Tug moet lei tot gehoorsaamheid in die sin van selftug. Dit beteken 'n vrywillige gehoorsaamheid, nie 'n blinde wetsgehoorsaamheid uit vrees vir straf nie, maar 'n vrye gehoorsaamheid en 'n begeerte tot gehoorsaamheid.

Die tug oefening deurtrek die hele opvoeding, vanaf die onderwysverstrengelde koersgewing tot by die slaande hand. Die tug lok en lei die kind met die voorbeeld in handel en wandel, dit dring en dwing die kind met gebod en verbod en dit straf die kind met woord en daad.

Al hierdie handeling geeskied uit liefde vir die kind, uit 'n egte Christelike liefde, uit 'n liefde tot die kind om Christus wil.

### 3.7.2. Die tugbeskouing van J.Chr. Coetzee.

Coetzee onderskei drie hoof fases in die opvoedkunde, te wete die opvoedeling (beginpunt), die opvoedingsdoel (eindpunt) en die opvoedingsmetode.<sup>65)</sup> Die onderwysinhoud en onderwysmetode behandel hy apart van die tug as opvoedingsmetodes. Daarby word die tug baie hoog aangeslaan as 'n middel om die kind op die regte pad te hou. Sonder goeie tug is goeie onderwys en opvoeding onmoontlik. Die tug moet tot selftug lei.<sup>66)</sup> Hierdie en ander aspekte van tug soos orde, straf en so meer sluit Coetzee onder die tug in. Maar die begrip tug, so wyd en so diep dat dit ook die koersgewende element in alle onderwys omvat, skyn, volgens die literatuur, die besondere opvatting van

---

65. Coetzee, Inleiding ... Teoretiese Opvoedkunde, 315.

66. Id., 349 - 354.

Waterink alleen te wees.

Dit beteken egter nie dat Coetzee 'n voorstander van koerslose onderwys is nie. Inteendeel, die doel van alle leerstof, dit wil sê sekulêre sowel as religieuse leerstof, is om God te ken en te dien.<sup>67)</sup>

Verder sien Coetzee die tug nie net as 'n aspek van drang en dwang nie, maar tegelykertyd as 'n saak van leiding, binding en liefde. Die tug is 'n vraagstuk "... nie van kennis en onderrig, nie van verstand nie maar wel van liefde en veral van wil." Tug "... mag nooit verwyder nie (weg van God en Sy Gebod), dit moet altyd bind en nader-trek (na die liefde en diens van God en Sy Wet)."<sup>68)</sup>

Nou is dit nie hier ter sake of Waterink se wye dan wel Coetzee se skraler opvatting van die tug die korrekte is nie. Wat van belang is, is dat albei die hele opvoedingsproses sien as 'n leiding en 'n stuwing op die regte pad van 'n lewe tot eer van God in ware kennis, geregtigheid en heiligheid.

### 3.7.3. Samevatting.

Die antwoord op die vraag na die metode om die doopsbelofte na te kom kan saamgevat word met leiding en stuwing in die opvoeding. Die opvoeding moet, in al sy aspekte, koersgewend wees.

Vir die doel van hierdie ondersoek sal sodanige aard van die opvoeding met die woord tug, in die wye sin waarin Waterink dit opvat, aangedui word.

67. Id., 326.

68. Id., Ons tug. Onderwysblad, LXXIII, 799, Mei 1966, 1 - 2.

Tug is die middel tot selftug. Die uitwendige liefdesdwang verskaf die kind die innerlike vryheid tot liefde jeens sy Skepper. Uit homself kan hy nie tot die vryheid geraak nie, want hy is van nature sondig, geneig tot alle kwaad en om God te haat. Hy moet hom bekeer. Daartoe is die opvoeding 'n middel.

God gee aan die opvoeder die opdrag om die kind na Hom te lei. Hierdie opdrag moet die opvoeder in vrye liefde aanvaar. Die opvoeder moet koers gee en die kind leer om koers te hou. Hy moet aan die kind kennis meedeel: kennis van God, maar ook kennis van die natuur en van die wette van die natuur. Hy moet die kind leer om reg te handel deur hom voor te gaan met die goeie voorbeeld in leer en lewe.

Die hele opvoeding moet met die doel verstrengel wees. Ook die onderwyser en die skool moet doelverstrengelde, sedelik-vormende kennis verstrekk.

Die vraag is nou of geprogrammeerde onderrig aan hierdie vereiste voldoen. Ten einde hierdie vraag te beantwoord moet eers vasgestel word hoe sodanige kennis oor die algemeen verskaf word, om dan vervolgens die onderrig deur middel van die program aan hierdie metode(s) te toets.

### 3.8. Grondmetodes.

#### 3.8.1. Eerste grondmetode: die woord.

##### 3.8.1.1. Opvoeding en onderwys.

Die vraag oor die verskil en ooreenkoms tussen onderwys en opvoeding word deur Pretorius en Waterink uitvoerig behandel.

Pretorius kom tot die konklusie dat opvoeding op die

hele mens betrekking het, terwyl onderwys meer spesifiek op die verstand gerig is. Opvoeding, so meen Pretorius, is karaktervorming, dit wil sê hulpverlening tot waardeverwesenliking, terwyl onderwys op verstandsvorming of ontwikkeling van die denke en verwerwing van kennis en vaardighede neerkom. Nogtans is opvoeding en onderwys nie geskeie funksies nie, aangesien elke les iets aan die kind doen.<sup>69)</sup> Die verstandelike vorming word dikwels in 'n gejaag na eksamenresultate op die spits gedryf. Hierdie "puntelisties" georiënteerde onderwys is geheel en al in stryd met die taak van die skool wat in die eerste plek karakterontwikkeling, vervolgens denkopvoeding en laastens kennisvermeerdering behels.<sup>70)</sup>

Kortliks kom Pretorius se bevinding daarop neer dat onderwys gedeeltelik deur opvoeding oorvleuel word en dat die karaktervormende aspek in die onderwys bo ander aspekte voorkeur behoort te kry.

Waterink beklemtoon die verband tussen opvoeding en onderwys in so 'n sterk mate dat Pretorius daaruit konkludeer dat Waterink die opvoeding deur die onderwys laat omsluit en die intellektuele ontwikkeling met karakterontwikkeling laat saamval.<sup>71)</sup>

Op die korrektheid van Pretorius se gevolgtrekkings kan hier nie breedvoerig ingegaan word nie, alhoewel dit twyfelagtig is of hy die deur hom aangehaalde woorde van Waterink heeltemal korrek interpreteer. Hierdie woorde is:

69. Pretorius, op. cit., 2 - 21.

70. Id., 187 - 207.

71. Id., 66.



"Wie onderwys, voedt op, en wie opvoedt, kan dat alleen, als hij ook onderwys."<sup>72)</sup> As in aanmerking geneem word dat Waterink elders sê dat allerlei nie-onderwys sake die karakter vorm<sup>73)</sup> en dat hy juis die wilsopvoeding en die sedelike opvoeding as aanleiding tot die karaktervorming apart van die verstandelike opvoeding behandel,<sup>74)</sup> wil dit voorkom of bostaande woorde van hom beteken dat opvoeding deur onderwys geïmpliseer word en dat, volgens die woordjie "ook" , onderwys 'n onmisbare deel van die opvoeding is. Voorts sê Waterink dat alle onderwys 'n pedagogiese strekking het,<sup>75)</sup> wat nog nie hoef te beteken dat onderwys en opvoeding twee identiese sake is nie.

Met betrekking tot die praktyk van onderwys en opvoeding is daar groot ooreenkoms tussen Pretorius en Waterink. Karaktervorming beteken nie net om sedepreke te lewer nie, maar meer "... kennis met eerbied en liefde gepaar, nie met afsku en wrok nie. Hier is daardie ... probleem van motivering tot studie ... op 'n verrassend eenvoudige wyse opgelos: deur die kind se identifikasie met 'n inspirerende opvoeder wat deur sy aangename persoonlikheid, omgang en klasgees by die kind 'n aangename assosiasie met sy vak bewerkstellig. ... Liefde roep altyd die beste en mooiste in 'n mens wakker."<sup>76)</sup>

In dieselfde trant praat Waterink ook, as hy sê dat

- 
72. Id., 48 en Waterink, Grondslagen der Didactiek, 35.  
 73. Waterink, Opvoeding tot persoonlikheid, 79 - 137.  
 74. Id., Theorie der opvoeding, hoofstukke 3 en 5.  
 75. Id., Grondslagen der Didactiek, 28.  
 76. Pretorius, op. cit., 206.

die entoesiastiese onderwyser deur sy vlyt en toewyding die kinders aan hul taak bind<sup>77)</sup>, dat die opvoedingswaardes na die hart van die kind gevoer moet word<sup>78)</sup> en dat liefde en verantwoordelikheid twee noodsaaklike elemente in die opvoedings- en onderwystaak is.<sup>79)</sup>

Met betrekking tot die opvoeding en die onderwys wil dit nou voorkom of die saak so staan: opvoeding is belangriker as kennis. Maar opvoeding of karaktervorming vind in 'n sekere medium plaas. In die onderwys word dit deur die kennis en die aanbieding daarvan bewerkstellig. Op skool begin 'n mens met iets te leer, maar dan sodanig dat, in die besef dat elke les in elk geval iets aan die leerling doen, dit met liefde en eerbied vir sowel die vak as die kind gepaard moet gaan. Die temporele volgorde is: eers onderwys, dan opvoeding. Die belangrikheidsvolgorde is: eers opvoeding, dan onderwys.

### 3.8.1.2. Tug en onderwys.

In die klaskamer begin die kind met iets te leer. Hy neem kennis van die feite, maar ervaar tegelykertyd die wyse waarop die onderwyser die feite meedeel, beleef en uit-leef. Hierdeur word die kind in 'n waarde-**rigting** gestuur. Sy karakter word daardeur gevorm. Die psigiese inhoude vorm 'n komplekse geheel, waardeur die innerlike roersele van die kind se sielelewe beweeg word. Onderwys het altyd 'n gevoelskleur.<sup>80)</sup> Dit is hier waar die knoop van die

---

77. Waterink, *Theorie der opvoeding*, 383.

78. Id., *Grondslagen der Didactiek*, 80.

79. Id., *Theorie der opvoeding*, 94 - 95.

80. Id., *Grondslagen der Didactiek*, 32 - 33.

probleem "tug en onderwys" lê.

Daar is baie invloede wat op die kind werk. Die onderwyser moet sorg dat deur sy invloed die kind in die regte rigting gelei word. Nie omdat hy die enigste persoon daarvoor is nie, maar omdat hy, nolens volens, in elk geval invloed uitoefen. Hierdie invloed moet aansluit by die van die kind se ouers, want hulle is uiteindelik verantwoordelik vir die rigting waarin die kind beweeg.

Die kennis wat die onderwyser oordra moet op die goeie, die skone en die ware gerig wees. Die kennis en die denke is een van die mediums waarin die opvoeding tot sy reg moet kom. Sodanige kennis is tegelykertyd opvoeding, karaktervorming en tug. Maar dit is nog nie die hele opvoeding nie. Dit is 'n deel daarvan, wat, via die verstand, op die hele kind inwerk: "Want uit die hart is die uitgange van die lewe, maar ná die hart dan ook alle ingange tot die lewe."<sup>81)</sup>

Deur die tug word die onderwys aan die opvoeding gebind, word die verstandelike aan die sedelike gekoppelen word die kennis van die skepping na die Skepper gerig. Daar is 'n noue band tussen die verstandelike opvoeding en die sedelike opvoeding. Waterink sit dit pragtig uiteen as hy aantoon dat die kind in die sedelike opvoeding geleer word om die goeie te wil doen. Sedelike opvoeding impliseer wilsopvoeding, terwyl wilsbesluite op oordeelsbesluite gegrond is wat op hulle beurt weer op sowel die terrein van die verstand as van die gevoel geleë is.<sup>82)</sup>

---

81. Strauss, Christelike wetenskap en Christelike onderwys, 74.

82. Waterink, Theorie der opvoeding, 382 - 390.

Die kwessie van rigting, koers en tug in die onderwys is 'n saak van persoonlike ontmoeting tussen kind en onderwyser. Dit is 'n saak van liefde, uit die hart van die onderwyser na die hart van die kind.

Jooste spreek in die verband van die onderwys as 'n kuns en 'n kunde. Die onderwyser moet kennis van tegnieke en metodes hê en dit vervolgens in sy persoonlike aanleg verwerk. Dit is nou juis in hierdie persoonlike aspek waar die onderwys met rigting en koers te doen kry. Jooste maak melding van die vormingsprinsipe enersyds en die persoonsontmoeting andersyds. In die persoonsontmoeting versmelt die onderwys-leersituasie (vorming) met die opvoedkundige gerigtheidsituasie.<sup>83)</sup>

#### 3.8.1.3. Die woord in die godsdienstige onderwys.

Van bogenoemde persoonsontmoeting moet die onderwyser gebruik maak. Daartoe bestaan slegs een middel, naamlik die gesproke woord. Waterink is in hierdie saak baie duidelik. Hy sê dat die kind heelwat deur aanskouing kan leer, maar omtrent die ewige waarhede kan die kind slegs deur die woord van die opvoeder ingelig word.<sup>84)</sup> Met blote mondelinge mededeling is die saak egter nog nie afgehandel nie. Enkel mededeling is slegs 'n saak van kommunikasie. Dit is nog geen persoonsontmoeting nie.

Die mededeling moet ook belewing en deurlewing bevat. Daarsonder word die geloof 'n intellektuele leer, word die woord vasgevang in die leer wat dit oordra en word godsdiens

83. Jooste, J.H. Die toepassing van didaktiese beginsels in die onderwyspraktyk. Koers, XXXII, 12, Junie 1965, 606 - 611.

84. Waterink, Grondslagen der Didactiek, 74 - 78.

versmal tot intellektuele instemming.<sup>85)</sup> Daarom moet die woord uit die eenheid en totaliteit van die onderwyser se persoonlikheid voortspruit. Die woord moet lewe; dit moet uit die hart kom. Die mededeling moet lewe van sprankelende gevoel en strewende daadkrag.<sup>86)</sup>

Sulke woorde dra gesag, juridiese en tegelykertyd etiese gesag.<sup>87)</sup> Die kind moet gehoorsaam wees omdat hy kind is en daardeur onderworpe aan die gesag van die ouer en/of sy plaasvervanger. Die kind sal egter ook wil gehoorsaam as hy voel dat die opvoeder leef in en uit dit wat hy sê. Dan sien die kind wat hy hoor, dan voel hy die sfeer, dan word sy volle persoon aangespreek deur die onderwyser se volle persoon en is daar ontmoeting tussen die kind en die onderwyser as totaliteite.

Sodoende word die kind se verantwoordelikebesef gerig, sy kennisbehoefte gevul en sy gevoel bevredig deur die diepe skoonheid van God se woord. Hierdie drie gaan saam. Oordrywing van die een met verwaarlosing en/of negering van die ander lei tot humanistiese eksistensialisme, intellektualistiese skematisme en romantiese piëtisme respektiewelik.

#### 3.8.1.4. Die woord in die sekulêre onderwys.

Maar, so sal die beswaar rys, bostaande is mos alles godsdiens in die engere sin. Die aangehaalde werk van die Klerk handel immers oor die prediking, die hele betoog gaan oor kerklike opvoeding en hoogstens oor godsdiens-

85. De Klerk, Wending ?..., 31 - 45.

86. Waterink, Grondslagen der Didactiek, 78 - 79.

87. Bavinck, Paedagogische beginselen, 126.

onderwys. Inderdaad; en daarom nou verder.

Nie net die kind en die onderwyser is totaliteite nie, ook die skepping is 'n eenheid. God se Woord vorm 'n eenheid met sy skepping; godsdiensoonderrig en sekulêre onderrig vorm daarom ook 'n eenheid. God kan geken word, primêr uit sy Woord, maar sekondêr uit sy skepping. Op skool is die onderwyser besig met die onderrig van albei, maar veral met die sekulêre onderwys. Die kind moet die wêreld leer ken.

Nou skuil daar, so verduidelik Waterink, in die sekulêre onderwys twee gevare. Eerstens die van napatery, waar die leerling opsê wat die onderwyser hom voorsê en verklaar. Dit is die ou verbalistiese onderwys: baie woorde bring die feite en hul verklarings. Die kind sê dit na. Die feite mag werklik en die verklarings suiwer, waar en op die Skrif gegrond wees, maar die vraag bly of die kind dit nou ook tot sy persoonlike eiendom gemaak het. Sien die kind in die woorde wat oor hom uitgestort word dat die Waarheid van God se Woord ook in die werklikheid om hom tot uiting kom? Sekerlik nie. Die kind moet aktief met die leerstof besig wees. Hy kan nie net na lesings luister nie; hy moet die leerstof deelagtig word.

Die kind moet in die feite geplaas word, maar - en dit is die tweede gevaar waarop Waterink wys - die kind mag nie sommer in die feite gelaat word nie. Die feite hang saam en moet in die lig van God se Woord verklaar word. Die feit as sodanig is skaars 'n wetenskaplike gegewe. Feite moet in die lewensbeskoulike feitegeheel geïntegreer word. 88)

---

88. Waterink, Grondslagen der Didactiek, 85 - 87.

Die gelowige, so sit Waterink vervolgens uiteen, worstel met die wêreld om dit te behou en teen die wêreld om dit te oorwin. Daarom moet die kinders geleer word dat hulle wel in die wêreld is, maar nie van die wêreld nie. Hierdie situasie is 'n realiteit en nie maar 'n gedagte nie. Dit moet aan die kind geleer word, maar hy moet dit ook in die opvoeder-onderwyser beleef. Die belewenis kom die beste tot sy reg as die kind sien dat die verskeie vakke 'n eenheid vorm. Die hele skepping is 'n geheel in Christus en bestaan uit Hom en deur Hom.<sup>89)</sup> Om dit aan te toon en te belewe is die gesproke woord 'n vereiste. God is daarbo, in die hemel, maar ook hier binne, in die skepping. Hierdie gedagte moet deur woorde, warm woorde uit die hart van die onderwyser, gedra word. Sulke woorde werk aansteeklik en hulle gee koers. Die verklarende woord van die waarheid kry dan werklikheidsgestalte in die beleving van die kind. Daarom is die woord onmisbaar.<sup>90)</sup>

Die woord van die onderwyser dra 'n tweërlei aspek, die werklikheidsaspek en die waarheidsaspek. Laasgenoemde is die leer, die verklaring en die beginsel. Eersgenoemde is die wandel, die feit en die beleving daarvan: die vroomheid. Die leer van die waarheid laat die beginsel in die vroomheid van die wandel tot werklikheid word. Omgekeerd openbaar die werklikheid van die vrome lewenswandel die waarheid van die lerende dogma. Sulke onderwys, so diep van hoof en hart, kan slegs op een ding rus, naamlik die woord uit die siel van die onderwyser.

---

89. Id., 105 - 117.

90. Id., 84.

Daarom is die woord onmisbaar, ook op skool. Die woord dra die kennis, maar die woord dra ook die liefde, die beleving en die tug. Die woord is die grondslag van die goeie, koersbepaalde en rigtinggewende onderwys. Die woord is die grondmetode.

"Die grondslag vir die C.N.O. tuis en op skool is die woord ... Vir die gelowige Christen is daar net een ware, finale, beslissende woord. En dit is die Woord van God."<sup>91)</sup>

### 3.8.2. Tweede grondmetode: die selfverwerwingsaksie.

#### 3.8.2.1. Onderrig.

Waar hierbo aangetoon is dat die warme woord uit die hart van die onderwyser die grondmetode is, bly daar tog nog vrae oor met betrekking tot die praktiese toepassing op skool.

Onwillekeurig kom die vraag by 'n mens op of die onderwyser dan soos 'n besielde redenaar heeldag en aldag toesprake moet hou. Afgesien van die praktiese onmoontlikheid daarvan, is sodanige metode geensins die bedoeling nie.

Die onderwys is 'n onderdeel van die opvoeding. Maar die onderwys word ook weer in onderafdelings verdeel. Coetzee<sup>92)</sup>, Gunter<sup>93)</sup> en Oberholzer<sup>94)</sup> gee 'n soort wigvormige verdeling. Hulle sien die opvoeding as die groot geheel, met onderwys as 'n noodsaaklike onderdeel daarvan.

91. Coetzee, J. Chr. Ons grondslag. Onderwysblad, LXXII, 791, 230.

92. Coetzee, Inleiding ... Teoretiese Opvoedkunde, 89 - 90.

93. Gunter, Opvoedingsfilosofieë, ... 16 - 17.

94. Oberholzer, op. cit., 29 - 35.



Vervolgens noem hulle die begrippe onderrig en dressuur. Dressuur (of liewers drill, gewenning, inoefening) vorm die punt van die wig. Daarna volg die effens breër begrip van onderrig, wat op sy beurt dan weer uitmond in die onderwys as die wydste begrip.

Die genoemde drie wetenskaplikes beskryf hierdie saak amper eenders en wel soos volg: onderrig is meer spesifiek as onderwys, is suiwer formeel en veronderstel altyd 'n vaste uitgangspunt, doelpunt en metode. Dit word vir sowel die intellektuele as die sedelik-godsdienstige onderwys gebruik. So byvoorbeeld word gepraat van onderrig in Wiskunde, in Geskiedenis, in sedelike gedrag. Dressuur, so vervolg die skrywers, is eintlik die metode om diere af te rig deur middel van beloning en straf. Dressuur is 'n saak van kondisionering. Vanweë die uiterlike ooreenkoms tussen menslike gewenning, oefening, drill en dierlike dressuur word die vier woorde dan dikwels deurmekaar gebruik.

Dit is opmerklik dat die skrywers die woord leerproses tussen aanhalingstekens skryf as dit oor diere gaan. Op hierdie punt sal later uitvoeriger ingegaan word.<sup>95)</sup>

Met betrekking tot die begrip onderrig moet daar op gewys word dat onderrig nooit los van onderwys staan nie. Onderrig is 'n onderdeel van onderwys, maar dan 'n integrerende onderdeel. Dit wys op die formele, suiwer en blote kennisoordrag in die onderwys. Vakonderrig beteken die oordra van die vakinhoud. Dit wil egter nie sê dat daar nie ook so iets soos vakonderwys bestaan nie.

Van Rooy praat in die verband konsekwent van onderwys in Wiskunde.<sup>96)</sup>

Onderrig is formeel, maar onderwys is dikwels ook formeel. Onderwysinstellings, soos skole en universiteite, hou hulle formeel besig met die verstandelike opvoeding van kinders en studente.<sup>97)</sup> Dat daar met die verstandelike opvoeding heelwat ander soort opvoeding gepaard gaan, is in die voorgaande aangetoon.<sup>98)</sup> Trouens, 'n suiwer formele lesing oor enige onderwerp kan baie maklik egte, karakterbouende en rigtinggewende onderwys wees. Aan die ander kant kan so 'n lesing ook slegs 'n dorre opsomming van feite wees, wat wel die kennis oordra, maar vir die res van geen of selfs negatiewe betekenis is nie. Dit is hier waar die verskil tussen onderrig en onderwys lê: onderrig sien op die kennis as sodanig, onderwys sien op daardie selfde kennis plus die karaktervorming wat daarmee gepaard gaan. Onderwys omsluit onderrig; onderrig is in onderwys bevat. Wie onderwys gee, kan dit slegs doen as hy ook onderrig gee.

#### 3.8.2.2. Onderrig en onderwys.

Wie onderrig is daardeur ook met onderwys en opvoeding besig. Onderrig staan nooit los van onderwys nie. Selfs die mees oninteressante, aan neutraal grensende en belewenislose feitemededeling is nog opvoedend van aard, maar dan negatief. Sulke onderrig is vervelig; dit is tyd- en karakterverknoeiend.<sup>99)</sup>

96. Van Rooy, D.J. Die beginsels van die onderwys van Algebra ..., veral hfst. 2.

97. Gunter, op. cit., 16.

98. 3.8.1.4. bl. 115 - 116.

99. Waterink, Grondslagen der Didactiek, 27 - 28.


Tog kan sommige lesse meer onderrigtend en ander meer onderwysend-opvoedend wees. Normale onderwys sal altyd tussen die twee pole hang. As die onderwyser besig is om 'n gedig met sy klas te behandel, sal sy les hoogswaarskynlik opvoedend en veral esteties-opvoedend van aard wees. Maar as die onderwyser besig is om daardie gedig met sy klas van buite te leer, is dit 'n perd van gans ander kleur. Die doel is nou slegs om die gedig se inhoud te ken, om dit "in die kop" te kry. Wie sal ooit vergeet hoe die juffrou in die gradeklas die psalm- en Bybelversies vir die kinders ingepomp het? Van dergelike lesse is baie voorbeelde op te noem: die leerling moet die woorde en naamvalreëls by die bestudering van vreemde tale leer, voordat hy enige literêre genot kan smaak. Die Wiskunde-onderwyser moet sy leerlinge die notasie en simbole leer voordat hy die wiskundige "bykans ontroerende momente"<sup>100)</sup> met sy klas kan belewe.

Onderrig sien op die kennis as sodanig en sluit die metodes van inprenting en drill in. Onderrig is die dun punt van die wig, maar dit wys terug na die onderwys en opvoeding. Onderrig is die kennispit; maar pitte het omhulsels. Die kennispit word in die omhulsel van die onderwys gedra, dit wil sê in die verstandelike opvoeding. Hierdie omhulsels is net so belangrik. Swak pitomhulsels sal die pit ook laat verswak. Die onderrig moet in vormende en rigtende onderwys gedra word. Goeie kennis, goeie uitslae en eksamenresultate beteken nog nie goeie onderwys nie.

---

100. Van Rooy, D.J. op. cit., ll.

Venn-diagrammaties kan die verband tussen opvoeding, onderwys, onderrig, dril, inoefening, inprenting en bewaring soos volg voorgestel word:



### 3.8.2.3. Onderrig en tug.

Die vraag wat vervolgens aandag moet geniet, is of onderrig ook tug bevat. Die vraag is dus of daar enige sedelike en karaktervormende in daardie onderrigtende kennisgedeelte van die onderwys is, of daar waarde steek in feite-mededeling, inoefening, inprenting, bewaring, toetsing en eksaminering.

Die antwoord op die vraag is bevestigend. In die eerste plek is blote kennis van feite indirek van sedelike waarde. "Kennis is nodig vir die religie, vir die sedelike gedrag, vir die estetiese oordeel, vir....<sup>101)</sup> Sodanige kennis beteken 'n onderwerping aan die wette van die natuur, die logika, die grammatika en so meer. Dit dwing tot kennisname van en onderwerping aan die orde wat God in die skepping ingeweef het.

---

101. Coetzee, Inleiding ... Teoretiese Opvoedkunde, 341.

Tweedens is die verwerwingsproses van die kennis as sodanig ook van waarde. Die moeitevolle en somtyds onaangename taak om dinge van buite te leer en te onthou, beteken om gehoorsaam aan die opdragte van die onderwyser te wees. Dit is die uitwendige tug waarmee die inwendige selftug 'n aanvang neem. Daarom moet die leerlinge ook toetse en eksamens aflê. Hulle moet leer om verantwoording van hul opdragte te doen.

Hierdie tug is nie so aangenaam as die soort tug waaroor dit hoër op in die hoofstuk gegaan het nie. Vir die leerling is dit seer seker aangenamer om geboei en bekoort te word deur die besielende wyse waarop sy leermeester die leerstof uiteensit as om reëls en wette van buite te leer en vir eksamens en toetse te blok. Tog kan daarsonder van enige sedelike opvoeding geen sprake wees nie. Eerstens nie omdat die feitekennis dan onvolledig en swak is en tweedens ook omdat die nodige selfdissipline ontbreek. Die leerling moet die feite ken en hy moet leer om die onaangename take te verrig en selfs om hulle blymoedig te verrig.

#### 3.8.2.4. Die selfverwerwingsaksie.

Die selftug begin met die uitwendige tug. Die onderwyser gee opdrag om iets te leer en die leerling moet die opdrag gehoorsaam uitvoer. Ten slotte moet die leerling self en alleen die leerstof bemeester. Die onderwyser kan dit verklaar en verduidelik, maar die leerling moet dit self leer. Daarsonder kan die werk nie vorder nie en word die onderwys 'n leë dop. Daarom is die selfverwerwingsaksie noodsaaklik, maar ook waardevol omdat dit moeitevol is en selfverworwe kennis die egte kennis is. Nie net

betekenisvolle kennis nie, maar ook swaarverkreë kennis is waardevol.

Die tug begin met klein dingetjies en deursny die hele opvoeding en die hele lewe. Die kleine moet leer om sindelik te wees, om uit die blombeddings te bly en om ander kinders se speelgoed met rus te laat; die groter kinders om hul huistakies te verrig, om hul skoene skoon te maak; die student om sy vryheid binne perke te geniet en die volwassene om in sy daaglikse roeping getrou te wees en in alle sake op alle terreine van die lewe stiptelik en noukeurig te wees. Vir die skool beteken dit gehoorsaamheid aan die algemene orde en dissipline en vir die onderrig, getrouheid en ywerige studie.

Dit is dan die tweede grondmetode: die selfverwerwingsaksie. Tot hierdie aksie kan die onderwyser die kind aanspoor as hy self gedissiplineerd is. Die besielde en besielende onderwyser vermag veel. Vir die geliefde onderwyser doen die kind alles, ook sy huiswerk en sy leerwerk. Die woord uit die hart beweeg die kind om ook die sleurwerkies en die moeitevolle arbeid met vreugde te verrig. Daarom is die woord die eerste grondmetode en die selfverwerwingsaksie die tweede grondmetode, maar tog nie minder belangrik nie.

Inteendeel, om swaar te kry, ook op skool, kan 'n middel van die genade wees: "... dat ons getroos ons kruis opneem, onself verloën, ons Heiland bely en in alle droefheid met 'n opgehewe hoof onse Here Jesus Christus uit die hemel verwag, waar Hy ons sterflike liggame aan sy verheerlikte liggaam gelyk sal maak en ons by Hom sal

neem in alle ewigheid.<sup>102)</sup>

### 3.8.3. Derde grondmetode: die insig.

Die vorige twee metodes kan 'n mens opsom met die woorde: trek en stoot. Die warme woord uit die hart van die onderwyser lei, lok en trek die kind in die rigting waarin hy moet gaan. Deur inspanning, vlyt, ywerige studie, die uitvoering van aangename en onaangename opdragte word hy deur sy opvoeders en homself in die aangeduide koers gestoot.

Met albei hierdie aksies is die verstand gemoeid. Die kind moet luister en leer. Die verstand is veelsydig. Dit is in 'n sekere sin konstant<sup>103)</sup>: dom mense word nooit slim nie. Nigtans is die verstand ook nie 'n starre moontlikheid nie. Dit kan ontwikkel en groei, is dus opvoedbaar, beïnvloedbaar en kan ge oefen word.<sup>104)</sup> Die verstand is ook 'n integreerende deel van die mens as totaliteit en hang ten nouste met sy wil en gevoel saam.<sup>105)</sup> Dit vorm daarmee en daardeur die menslike bewussyn tot 'n eenheid.

Alhoewel die menslike siel totaal anders as die diere-siel is<sup>106)</sup>, tree die menslike verstand tog onwillekeurig op die voorgrond. Die dier kan nie soos die mens dink nie. Die mens kan skeep, iets bedink, oor iets nadink, iets uitdink; hy kan 'n besluit neem. Die mens word nie net getrek

102. Nagmaalsformulier, gebed.

103. Kroeze, J.C.W. Differensiasie in die standerd agt Wiskundeleergang ... 67.

104. Schutte, B.C. Die invloed van skoolonderrig op die ontwikkeling van die intelligensie. Lesing, 6 - 7.

105. Vgl. 3.8.1.2. bl. 112.

106. 3.4. bl. 92 - 93.

en gestoot in die sin soos hierbo genoem nie. Hy kan ook self loop. Die denke lê as 't ware tussen die woord en die selfverwerwingsaksie in.

Wel neem die denke aan die twee aksies deel, maar beweeg, as 'n sekere selfstandigheid, ook daar tussen in. Die mens wil iets doen, dryf homself daartoe of word daartoe gedryf, maar bedink en beplan ook hoe om dit te doen. Daarby kan hy ook sy eie werke en gedagtes en die van ander beoordeel. Mense wat kan dink is vol selfvertroue om God se skepping beter te ken en te begryp.<sup>107)</sup>

Hierdie vermoë van die mens moet van jongs af geoefen word, sodat die kind vroeg al kan leer om sy lewenstaak te volvoer. Die mens moet die aarde bewerk, ook met sy gees. Die hoogste vorm van denke is die vorming van gedagtereekse en gedagtestelsels; die hele lewe werk daarheen. Die mens wil die lewe denkend ken. Daarom moet die denke in al sy vorme, van begripsvorming tot by die vorming van gedagtestelsels, beoefen word. Die ontwikkeling van die denkfunksie is die hoogste doel in die verstandelike opvoeding.<sup>108)</sup>

Gevolgtlik beklee die konsepsuele leerproses 'n belangrike plek op skool. Konsepsuele leer moet uiteindelik tot 'n diepsinnige wysheid lei, 'n fyn intuitiewe aanvoeling tot wat sedelik reg of verkeerd is. Die Calvinisme is geen regulasie-dogmatiek wat vir elke gedrag 'n reël en tradisie het nie. Dit is geen "computer"-filosofie nie, waar 'n mens net op 'n knoppie kan druk om te weet hoe om in 'n gegewe situasie op te tree. Daar moet insig wees,

107. Kotzee, A.L. Hoe om leerlinge en studente te leer dink. Onderwysbulletin, VII, 2, Junie 1962, 109.

108. Coetzee, Inleiding... Empiriese Opvoedkunde, 150-152.



gepaard met 'n deeglike selfverworwe kennis van feite en 'n koersvaste gerigtheid. Die leerling moet die logiese samehang van die kennis insien. Hy moet sy kennis begryp; hy moet leer dat die oppervlakte van 'n reghoek lengte x breedte is, maar hy moet ook begryp waarom dit so is.

Kennis sonder begrip is van min waarde. Om dit te onthou is moeilik, dit belas die geheue en verbreek die kennis as 'n geheelkompleks. Daarom is dit 'n vereiste dat die leerling insig in die kennis sal hê. Dit is dan die derde grondmetode: die insig, wat met die ywer en die liefde moet saamwerk. Die liefde van die onderwyser trek die leerling; die ywer en die selfverwerwing stoot die leerling; die insig staan daar tussen in. Dit loop self; dit maak die mens tot 'n selfstandig handelende persoon, tot iemand wat kan nadink, beoordeel en besluit.

### 3.9. Samevatting en verdere beplanning.

Uit die Calvinistiese kindbeskouing volg dan uiteindelik drie grondmetodes: die woord, die selfverwerwingsaksie en die insig.

In die volgende hoofstukke moet die metode van geprogrammeerde onderrig aan hierdie drie grondmetodes getoets word.

Met betrekking tot die probleem van insig by geprogrammeerde onderrig is 'n uiteensetting van die leerteoretiese beskouings noodsaaklik. Dit sal in hoofstuk 4 gedoen word. Vervolgens sal in hoofstuk 5 die leerteoretiese grondslae van die verskillende soorte geprogrammeerde onderrig blootgelê word, ten einde die bydrae van elkeen tot die konsepsuele leerproses vas te stel.

Ten slotte sal die probleem van die selfverwerwingsaksie en die woord met betrekking tot geprogrammeerde onderrig in hoofstuk 6 behandel word. Hierdie deel van die ondersoek beweeg meer op die terrein van die Teoretiese Opvoedkunde en sal onder die titel van opvoedkundige implikasies van geprogrammeerde onderrig verskyn.

### 3.10. Opsomming.

Reeds in die dae van Calvyn is die Calvinistiese beginsels in 'n studie oor die onderwys toegepas.

Die eerste beginsel, die grondbeginsel, wat direk op die Heilige Skrif as grondslag rus, bepaal reeds die binding van die Christelike geloof aan die hele lewe: God, die Skepper, moet geëer word in alle handel, wandel en oordenking.

Daartoe was die mens by die skepping in staat. Hy het die asem van God ontvang en is na sy beeld geskape. Hierdie skeppingsgawes ontbreek by die dier. Mens en dier is albei totaliteite, maar essensiël verskillende totaliteite. Die dier is 'n liggaam-psige-wese, maar die mens 'n liggaam-psige-pneuma-wese. Die mens is kwantitatief meer, maar ook en veral kwalitatief anders as die dier. Die pneuma, die asem van God, maak hom anders as die dier. Dit maak hom God-gerig, terwyl die dier, vanweë die afwesigheid van daardie pneuma, aarde-gerig is. Die mens is kind van God en ewig; die dier is 'n skepping van God en tydelik. Die mens is 'n religieuse wese; die dier is 'n psigiese wese.

Die gelowiges is uitverkies om uit die sonde, waarin die hele menslike geslag met Adam gedompel is, gered te word. Hierdie uitverkiesing gaan deur die bedding van die genadeverbond, waar God in die lyn van die geslagte werk.

Nog die uitverkiesing, nog die genadeverbond onthef die mens egter van sy verantwoordelikheid. Dit is 'n troos vir die ouers om te weet dat hul kinders deel in die soendood van Christus het. Daarom moet hulle hul kinders doop en beloof om hul uit die Skrif te leer en tot 'n nuwe gehoorsaamheid te lei. Die doopsbelofte is die aanvaarding van die opvoeding. Daardeur word die aard en doel van die opvoeding bepaal. Die opvoeding is die middel tot die heenleiding na God. Sodoende is die opvoeding sedelik van aard. Opvoeding moet tot vryheid lei, dit wil sê tot vrywillige gebondenheid aan God en sy Woord in Christus.

In die praktyk beteken dit dat die kind getug moet word. Tug is die middel tot selftug; dit dring en dwing. Tug is die draad wat deur die hele opvoeding heen loop; dit is omvattend, vanaf die slaande hand tot by die koersgewende leer en wandel van die opvoeder. Tug en liefde is onskeibaar. Alle tug geskied in liefde, sodat die daardeur beoogde selftug ook in liefde sal geskied. Opvoeding lei en stu die kind op die pad van die lewe tot eer van God.

Ook die kennis op skool moet in daardie rigting heen--werk. Ten einde sodanige kennis te verstrek moet dit karaktervormend wees. Die leerling moet deur die onderwyser ontmoet word. Die kennis moet van hart tot hart gaan. Dit kan slegs deur die gesproke woord geskied, maar dan nie die blote, koue woord van die kommunikasie nie. Dit moet die hartlike, warme woord van die besielde onderwyser wees. Die kind moet dit wat hy van die onderwyser hoor, in die onderwyser sien. Die woord is die grondslag vir die koersgewing aan die kind. Daarom is die woord die eerste grondmetode in die onderwys.

Die woord dra die kennis oor. Die kind moet die kennis leer. Hy moet hom inspan. Onderwys begin met onderrig, dit wil sê met die oordrag van die vakinhoud. Nou moet die kind hom beywer om dit te leer. Daartoe moet hy aangespoor word, moet hy opdragte uitvoer en eksamens aflê. Maar self moet hy die werk doen, self die kennis verwerf en sy taak met blymoedigheid verrig. Daarsonder kan die onderwys nie vorder nie. Dit is die tweede grondmetode, wat saamhang met en volg op die eerste.

Ten slotte moet die kind ook die kennis begryp. Sy kennis moet 'n geheel vorm en uitloop op 'n lewensbeskoulike gedagtestelsel. Met die oog daar op moet hy leer om te dink. Die woord trek, die selfverwerwing stoot, maar die insig loop self. Insig bevorder die vermoë tot oordeel en besluit. Dit maak die mens tot 'n selfstandig handelende persoon.

Aan hierdie drie metodes moet geprogrammeerde onderrig in die volgende hoofstukke getoets word.